



Die Kaapse Bibliotekaris

The Cape Librarian

*Amptelike
maandblad
van die
Kaapse Provinciale
Biblioteekdienst*

*Official
monthly journal
of the
Cape Provincial
Library Service*




OPENBARE BIBLIOTEK WILLISTON

MAART/MARCH 1959

WILLISTON PUBLIC LIBRARY

*Kaapse Provinciale
Administrasie
Afdeling
Biblioteekdienste*

*Cape Provincial
Administration
Division of
Library Service*



The Cape Librarian
Die Kaapse Bibliotekaris



Maart 1959
March 1959

Contents

Inhoud

REDAKSIONEEL / EDITORIAL	3
--------------------------	---

ARTIKELS / ARTICLES

Die funksie van die Biblioteekkomitee	Th. Friis	5
Kom ons gesels poësie	A H de Vries	8
Openbare biblioteek Prins Albert	M. Mouton	11
Ope brief van n boek-„snob“		12

VASVRA / QUIZ	14
---------------	----

SKILDERY VAN DIE MAAND / PICTURE OF THE MONTH

- Pont de l'Anlois - Vincent van Gogh

RUBRIEKE / FEATURES

Boekbesprekings / Book reviews	15
Jeuglektuur / Juvenile literature	22
Nuus uit die streke / News from the regions	25

VAN ALLES EN NOG WAT	28
----------------------	----

AANWINSLYS) Februarie 1959
ACCESSION LIST) February 1959

REDAKSIONEEL

Aangesien ons in hierdie uitgawe so hier en daar met iets nuut begin - n nuwe besem moet mos uit die aard van die saak skoon vee! - wil ons baie graag die lesers se opinie omtrent ons blad hoor. Hierdie keer en in die vervolg kan u kritikus speel en ons verwelkom nie alleen kritiek ten goede nie, maar ons wil ook graag hoor waarvan u nie hou nie.

Iemand het eenmaal die wyse aanmerking teenoor die redakteur van n sekere blad gemaak dat hulle besig is om hulle lesers te verloor, omdat hulle in n kamer sit en op die tikmasjiene met hulleself gesels! Met ander woorde daar is niemand wat luister nie en hulle lewe in die vrolike waan dat hulle wel met iemand gesels! Dit wil ons ten alle koste voorkom.

Indien u voel dat op hierdie punt darem nou te veel gehamer word, of u voel dat daar darem iets meer lesenswaardig in die blad kan verskyn, moet u nie een oomblik wag nie - skrywe vir ons al is dit ook net op n kaartjie en ons sal ons bes doen om aan almal se smaak te voldoen.

Laat ons sommer tromop n paar vrae stel: wat dink u van die artikels in die blad, wat dink u van die boekbesprekings en help dit u in die keuse en aanbeveling van boeke aan die lesers? Hoe staan sake met die keurlys wat elke maand verskyn? Daar is sommer baie ander sulke vrae wat ek kan vra en waarop ek hoop u aan ons n antwoord kan verstrek. Moenie bang wees om te sê: meneer die redakteur, ek dink hierdie of daardie ding wat verskyn het, is darem nie die moeite wert om te lees nie. Ons ontvang sulke kritiek met dieselfde blyheid as wat ons kritiek ontvang, waarin u sê dat u van die artikels ensovoorts hou. U hoef nie eens as u nie van iets hou darem nou te gaan sit en iets soek waarvan u wel hou nie. Noem sommer n ding by sy naam - dit sal ons beste maatstaf wees.

BIBLIOTEKARESSE/ISSE

Wat hier bo staan, geld ook vir u en miskien vir u die meeste. U is die mense wat met die lesers te doen kry en u ken hulle smaak in u bepaalde dorp of streek. Ons sal bly wees as u u eksemplaar van die Kaaplandse Bibliotekaris so n bietjie aan die lesers ook wil gee en hulle opinie omtrent die saak hoor. Laat weet ons seker wat daar gedink word. Ons doel is om u en die publiek te dien en as ons nie daarin slaag nie, moet ons noodwendig veranderinge aanbring wat in die smaak sal val.


U sal merk dat ons die nuus uit die streke so n bietjie aantrekliker maak. Maar daarmee saam gaan ook nou dat ons meer nuus van die streke verwag om te publiseer. Wat vir u miskien onbelangrik lyk, is vir ons moontlik van die grootste belang! Dit is mos uit die aard van die saak aangenaam om te weet wat in die ander streke aangaan. 'n Mens kan so-doende n balans behou ook in jou eie streek of dorp. As u iets nuut probeer het om die leeslus van die mense aan te wakker en u het so n bietjie daarin geslaag laat weet ons daarvan. Die gevolg kan moontlik

wees dat ons die volgende maand n berig daaroor kan plaas, en dat wat u probeer het ook deur ander nagevolg kan word. n Na-aper is nou wel nie eens n aap nie, in die woorde van een van ons skrywers, maar n navolger is altyd prysenswaardig en oortref soms die oorspronklike! n Aangename gees van samewerking is n lafenis en ons werk mos lekker saam of hoe?

Die dag as hier n pak brieue op die lessenaar lê waarin die mense sê: stuur vir ons nog van die Kaaplandse Bibliotekaris, ons wil nog n hele klomp hê want ons gebruik dit vir hierdie of vir daardie doel en ons kan daarsonder nie klaarkom nie, sal ek tevreden wees. Tot dan toe is n lang ruk, maar u medewerking is onontbeerlik vir die vervolmaking van daardie doel. Oorstrom ons met brieue en nuus - dis kos vir die blad. En kos maak vet!

♦ ♦ ♦

MOTTO: -



DIE FUNKSIE VAN DIE BIBLIOTEKKOMITEE:

Deel II
Th. Friis.

DIE SAMESTELLING VAN DIE BIBLIOTEKKOMITEE:

Artikel 26 van die Provinciale Biblioteekdienst se regulasies insake vry provinsiale biblioteekdienste, soos aangekondig in die Provinciale Koerant van 16 September 1955, P.K 543/1955 lees soos volg:

„26(a) Die plaaslike owerheid of owerhede wat saam werk in die verskaffing van biblioteekgeriewe onder die diens moet n adviserende biblioteekkomitee van 5 tot 7 lede vir n tydperk van drie jaar aanstel ten opsigte van elke openbare biblioteek onder sy of hul beheer. Twee van die lede moet raadslede van sodanige plaaslike owerheid of owerhede wees en een van die lede moet die bibliotekaris wees wat ook moet optree as sekretaris van die komitee. Die biblioteekkomitee moet minstens 4 keer per jaar vergader. Elke komitee kies sy eie voorsitter wat nie langer as twee agtereenvolgende tydperke van 3 jaar elk as sodanig mag optree nie.

(b) n Openbare biblioteek in n afdelingsraadsgebied, asook n openbare biblioteek vir nie-blankes word deur n biblioteekkomitee van 5 tot 7 lede bestuur, wat jaarliks deur n algemene vergadering van lede verkiës word. Die bibliotekaris is ampshalwe lid van die komitee en tree op as die sekretaris daarvan. Elke komitee kies sy eie voorsitter wat nie langer as ses agtereenvolgende jare as sodanig mag optree nie. Die komitee moet minstens 4 keer per jaar vergader.

(c) Skoolbiblioteke staan regstreeks onder die beheer van die hoof van die skool wat n onderwyser-bibliotekaris aanstel.“

Hierdie regulasie is na heelwat bespreking en noukeurige oorweging opgestel. Nadat n landswye opname van biblioteekkomitees gemaak is, is gevind dat sommige biblioteke se komitee uit tot soveel as 18 lede bestaan. Baie biblioteke se regulasies laat n onbepaalde dienstermyn vir komiteelede toe, met die gevolg dat ons gevalle teen gekom het waar n lid 30 jaar of meer as gewone lid, of selfs as voorsitter van n komitee diens gedoen het. Groot

komitees met lang dienstermyne vir sy lede is n beginsel wat nie rym met die beginsels van gesonde biblioteek-administrasie nie. Daar word gevoel dat n komiteelid sy bydrae tot die bevordering van die biblioteeksaak binne ses jaar kan lewer.

Daar moet verhoed word dat n komiteelid n "gewoontelid" word, of dat hy op die komitee dien bloot weens sy status in die samelewing, of dat die stadsraad bang is dat hul sy gevoelens sal seer maak indien sy nie herbenoem word nie. Elke lid moet beoordeel word volgens sy eie bydrae wat hy kan lewer. Indien hy geen bydrae lewer of nie n bydrae het om te lewer nie, moet hy grootmoedig genoeg wees om plek te maak vir iemand wat wel n positiewe bydrae kan lewer. Dit gebeur natuurlik in uitsonderlike gevalle dat n lid vir n lang termyn onafgebroke n positiewe bydrae kan lewer. In sulke gevalle is so n lid besiel met die biblioteekgedagte en maak soms groot opofferings terwille daarvan. Hy vorm die hart van die komitee, boesem vertroue in en besiel sy medekomiteelede. Ek herhaal: hierdie veteraan is skaars en kan nie as die norm genoem word nie. Ons regulasies maak voorsiening vir n maksimum van ses agtereenvolgende diensjare vir die voorsitter, dog beperk nie die aantal dienstermyne van gewone komiteelede nie. Dit word gevoel dat stadsrade die goeie beginsels van gesonde administrasie in gedagte sal hou tydens aantellings van komiteelede. Komiteelede van openbare biblioteke word vir 3 jaar deur die stadsraad aangestel, terwyl komiteelede van depots jaarliks deur die biblioteeklede verkies word.

Die komitee bestaan uit 5 tot 7 lede. Dit is ons ondervinding dat kleiner komitees makliker fungeer en meer uitrig.

Die samestelling van die komitee is belangrik. Eerstens het die plaaslike owerheid, in die geval van openbare biblioteke, twee verteenwoordigers op die komitee. Dit gebeur dikwels dat die stadsraad en die afdelingsraad saamwerk in die verskaffing van biblioteekgeriewe. In sulke gevalle sal die stadsraad wyslik handel om die plaaslike owerheid se verteenwoordigers uit albei plaaslike owerhede te kies. Laat die Afdelingsraad hul verteenwoordiger aanwys en die stadsraad syne. Hierdie verteenwoordigers kan nie die plaaslike owerheid bind nie - onthou ons het voorheen genoem dat die komitee slegs adviserend optree - dog word daar gelet op hul menings, omdat hulle die nodige agtergrond van munisipale sake het en met gesag namens die Raad kan praat. Hulle grootste waarde vir die komitee is dat hulle in staat gestel word om die mening van die komitee en die publiek getrou aan die Raad oor te dra.

Die derde verteenwoordiger op die komitee is die bibliotekaresse. Hieroor is daar meningsverskil. Stadsklerke maak gewoonlik hierteen beswaar, omdat sy n amptenaar van die Raad is en aan die Stadsklerk verantwoordelik is. Die biblioteekkomitee is egter nie n sub-komitee van die Raad nie. Dit kan nie vergelyk word met staande-komitees soos die vir finansies, parke, vervoer, ens. nie. Dit biblioteekkomitee se funksie is nie dieselfde as die genoemde staande-komitees nie. Dit het meer te doen met skakelwerk en menslike verhoudings as met finansies en die neem van administratiewe besluite.

Die bibliotekaresse kan nie die Raad of die Stadsklerk bind deur in die komitee te stem nie.

Die stadsklerk kan nog altyd, wanneer enige biblioteeksaak in die Raad bespreek word, sy mening gee terwyl die *Raad* die finale beslissing neem. Die bibliotekaresse kan vir die komitee van groot waarde wees as sy seggenskap het. Sy moet optree as sekretaresse en sodoende inisiatief neem om sake wat vir die biblioteek van wesenlike belang is op die agenda vir die komiteevergaderings te plaas. Sy is die persoon wat kom met nuwe voorstelle en probleme, omdat sy so nou in aanraking daar mee is. Die grootste beswaar teen haar aanwesigheid kan wees as haar eie posisie deur die komitee bespreek word. Daar is geen beswaar dat sy onder sulke omstandighede gevra word om die vergadering vir 'n oomblik te verlaat, terwyl haar persoonlike sake bespreek word nie.

Die orige 2 tot 4 lede word uit die algemene publiek benoem. In die geval van die depot-komitee word al 5 tot 7 lede natuurlik uit die publiek tydens die jaarvergadering van biblioteeklede gekies. Die Raad benoem hierdie lede weens hulle belangstelling in boeke en die doelstellings van die biblioteke asook hul bevoegdheid om leiding te gee en gesonde advies aan die stadsraad te bied. Dit is belangrik om daarop te wys dat hierdie persone nie altyd noodwendig die hoof van die skool, die predikant, die magistraat of een of ander hoogwaardigsheidbekleer hoef te wees nie. Persone wat belang stel in sy medemens en sy gemeenskap, persone wat die invloed van 'n biblioteek op die samelewing snap, iemand wat self lief is vir lees en 'n wye algemene kennis het, is beter as iemand met 'n hoë akademiese kwalifikasies en nie die vaagste benul het wat die doel en strewe van 'n moderne goed toegeruste biblioteek vir 'n volk kan en behoort te beteken nie.

Die bibliotekkomitee verrig in Suid-Afrika nog lank nie sy taak soos wat sy kollegas in Amerika of die Skandinawiese lande dit verrig nie. Hoe hierdie taak aangepak en reggestel kan word, is die tema van volgende maand se uitgawe.

KOM ONS GESELS POËSIE

Deel II

A.H. de Vries.

In die vorige artikel het ons probeer vasstel waarom n-mens nou juis so versou kom om dit wat hy wil sê op rym te sit. Waarom nie sommer net doodge-woon praat nie. Met ander woorde waarom daar so-iets soos poësie bestaan. Ons het toe volstaan deur van volkspoësie te praat.

Dit is n haas onbegonne taak om binne die bestek van hierdie kort geselsie die ontwikkeling van die poësie volledig te skets. Daarom moet u my dit maar vergewe as ek van die haak op die tak spring en dinge aanmekaar koppel wat in die tyd miskien ontwikkeling van jare vereis het. Immers is ons net besig om te gesels en nie om n geleerde verhandeling op te stel nie.

Ek het van volkspoësie gepraat. Daarmee bedoel ek iets soos hierdie.
*Die môre op die velde, die môre op die land,
toe ken ek my bokkie aan haar valhoed se rand ...*

en wat daar nog op mag volg. Dit verskil meestal van streek tot streek. Dit is die spontane uitinge van digters, wat digters is sonder dat hulle dit nou huis by name kan noem en daarvan kan weet. Ou daggarokers, kleurlinge wat die dop prys, gediggies wat sommer ontstaan hier skielik opn bruilof om die paartjie n bietjie te terg, aftelrympies - al hierdie rympies, waarvan u miskien meer ken as ek, bedoel ek, wanneer ek van volkspoësie praat. Wat mense beweeg om dit te doen? Ek weet nie - miskien onbewustelik die dinge waarvan ons in die eerste praatjie melding gemaak het. Miskien ook omdat daar, in die woorde van een van ons skrywers, mense is wat snaaks is en snaaks sal bly sonder dat hulle dit ooit weet!

Ek het alreeds gesê die verskillende rympies verskil van streek tot streek, van mond tot mond. Ken u Siembaba? Maar natuurlik ken u dit! Dis n onnosel vraag. Wat ek eindelik bedoel het is: hoe ken u dit? Ek ken hom so:

*Draai sy nek om, gooi hom in die sloot,
Trap op sy kop dan is hy dood ...*

Of die mense daar van my kontrei maar net bloeddorstiger is as dié in die ander streke sal ek nie kan sê nie, maar dis soos hulle hom sê:

Wat is die voorskrif daar in u kontrei aan mamma se kindjie?

Dit bring ons nou egter by n volgende opmerking aangaande volksrym en ook poësie in die algemeen. U sal merk dat ons hier nie te doen het met iets wat sommer so maklik te verklaar is nie. Dis darem baie wreed om sommer die kind so in die sloot te wil goo, hom op sy kop te trap en dan ewe, asof daar niks gebeur het nie, net te sê: dan is hy dood! O, ja en ek het vergeet dat sy nek ook nog omgedraai moet word!

Nee, sal u sê, hier het ons weer met iets soos daardie verhaal van Halewijn te doen en dit is nie iets wat in ons eeu nog kan gebeur nie. U het gans en

geheel gelyk; ons is amper weer by Halewijn terug! Maar kom ons bekyk die gediggie of slaapliedjie, wat u dit ook wil noem, n bietjie van naderby. U sal al dadelik agterkom dat dit glad in geheel nie n sombere doodslied is nie - intendeel, dit is baie vrolik en sussend.

U sal onthou ons het gesê n woord het betekenis en ritme. Nou wil dit lyk asof ons hier te doen het met n rympie waarvan die betekenis ietwat op die agtergrond geraak het in vergelyking met die ritme en die spel met die woorde. Ek dink ons het hier te doen met so n ietwat spottend-vermaaklike toon wat soos n koel seewind die sombere betekenis van die woorde eenkant toe gewaai het. Ek kan nou net nie wegkom daarvan nie om te lees: „draai sy nek om”, en dan sommer vir myself die prentjie te voltooi soos wat die Ma of Pa wat die kind sus dit in die gedagte sou doen nie: Ag, nog nooit - hy's dan Pa se grootman! „Gooi hom in die sloot” - nou! En dan kan die knaap maar uit volle bors skree - die res van die voorspelling gaan op in die geheel van die prentjie. En siedaar - wat beteken die betekenis van die woorde nou? Net mooi die teenoorgestelde as wat bedoel is.

Ons het nou eindelik, sal u sê van die poësie in die algemeen afgedwaal. Ons het nie. As u nou in die vervolg iets teenkom, wat ietwat duister voor- kom - onthou die bepaalde manier waarop iets gesê word in die gedig en die stemming van die geheel is van ewe groot belang as die woordewoord vir woord.

U kan ook nou sommer dadelik sien dat een van die wanopvatting s oor poësie, wat u so dikwels hoor nie waar is nie. Poësie gaan nie net oor die spreekwoordelike maanskyn en rose nie. As ons dit as geheel beskou kan ons sê dat daar glad nie bepaalde dinge is wat poëties is en ander nie. Poësie handel nie met sekere voorwerpe en laat die ander links lê nie. Wat ons as poësie ken, is alleen maar n bepaalde manier om dinge - ons moet liewer sê alles - te benader. Dit is n bepaalde ingesteldheid van die mens teenoor die wêreld romdom hom - ek wil nou amper die hoe woorde gebruik en sê dit is die dinge self wat poëtiese waarde verkry deurdat dit in die gees van die digter gesuiwer word tot die gewaarwording wat hy dan as poësie aan ons voordra. Maar ek sal liewer nie so sê nie. Dit klink geleerd en geleerd gesels is gesels se dood!

Uit wat ek sopas gesê het, is dit ook duidelik dat poësie by die individu ontstaan uit sy persoonlike gevoelens. Selfs met volkspoësie is dit die geval - vandaar dat u miskien n rympie anders ken as wat ek hom ken. Die persoon by wie u dit gehoor het, het dit miskien op sy eie manier aangepas van wat hy weer gehoor het. Amper soos n paar skoene wat n mens gate in sny vir die litdorings!

Ek praat nie verniet van skoene nie - ek wil nou van die kis op die donkie, of liewer van die digter op die skoenmaker spring om u iets anders te sê in verband met poësie, waaroer u miskien n wanopvatting mag hê. U is in elk geval dan nie die enigste nie - sommige van die poëte het dit self! Die kunstenaar en terwyl ons nou daarvan praat, die digter, is nie n allerindividueelste siel in die skepping, liggeroer en amper soos

n allekreukel, waaraan jy nie mag vat nie. Altans nie in die algemene betekenis van allerindiwidueel nie. Dat hy kan gedigte maak, maak dit nie van hom nie. Op daardie vlak is hy en die skoenmaker gelyk, omdat die skoenmaker iets kan vorm wat nuttig en diensbaar is, soos ook die digter. Geen twee digters sal iets dieselfde bedig nie - geen twee skoenmakers sal dieselfde nommer skoen op dieselfde manier maak nie. Alles wat die mens met sy hande aanraak, of met sy verstand, verkry die stempel van homself. Immers is elke mens, of hy nou digter is of skoenmaker enig in die skepping in die sin dat hy van sy geboorte tot sy dood nooit heeltemal soos enige ander mens is nie. Elke mens is n indiwidu.

So is die digter, maar so is ook dié wat nie digters is nie. Dink u nie as n mens so redeneer, is die verskriklike verering van die „kunstenaar” iets wat so n tikkie kinderlike heldeverering in hom omdra nie? As dit nie so is nie, berus dit myns insiens op n valse waardebepaling.

Maar kyk nou waar het ons alweer vandag ons draai gaan maak met die geselsery. Volgende keer behandel ons die verskillende benaderings van die digter tot sy stof. Immers, as elke mens n indiwidu is, dan moet wat hy skryf getrou wees aan homself om goeie kuns te wees. Hoe het Shakespeare nou weer geskryf?

*This above all,
to thine ownself be true,
and it must follow as the day the night
thou canst not be false to others*

♦ ♦ ♦

Ene dene dane das,
Gister lê in sy eie as.
Iets piets moskedel,
Môre is vandag se kwel.
Tele Tele twenty-one,
Meerkaaie op Verlatepan.

♦ ♦ ♦

DIE OPENBARE BIBLIOTEEK PRINS ALBERT:

Mev. M. Mouton.

In die hartjie van Prins Albert staan n klein geboutjie, die Openbare Biblioteek. As die besoeker goed oplet, sien hy miskien op een of ander dag n persoon in- of uitgaan, met n paar boeke in die hand. Te dikwels gebeur dit nie want die lezers is maar net elf. Hulle is egter trots op hulle boekery want dit bevat waardevolle boeke. Van groter waarde is die sentiment en tradisie aan hierdie eeu-oue geboutjie verbonden.

In medewerking met die streekbibliotekaris besluit die Stadsraad later om in te skakel by die Provinciale Biblioteekdiens. 'n Komitee word saamgestel, planne word opgetrek en voorgelê en die stadsvaders kry alles in die haak vir die bou van n nuwe biblioteek.

Net een struikelblok in die weg - geld. Waar gaan dit vandaan kom? 'n Belastingsbetalersvergadering word belê om toestemming tot n lening te verkry.

Maar, o, wee! die publiek weier beslis om toestemming daartoe te gee. Wat nou gedaan? Die klippie wat die burgemeester so ywerig aan die rol gesit het, het vas gerol teen die Belastingsberg.

Stilte, n nuwe Raad en n nuwe burgemeester wat dadelik aan die werk spring. Daardie klip moet bo-oor, onderdeur, of langsaa verby die berg geskuif word.

Met pennies, sjielings en ponde kom die publiek nou help en met stampe en stote, teenslae en gryshare word die groot werk van stapel gestuur.

Die handelaar gee kosprys, die Afdelingsraad of n boer op die plaas se vragmotor of sleepwa moet skielik dorp toe en neem n vrag sand of klippe saam, n ander boer gee die stene, die boukontrakteur werk sonder groot profyt en die Burgemeester bestuur sy trekke, wat die terrein gelyk sleep.

So sit elkeen n handjie by en die gevolg? Daar staan hy; die klein geboutjie met sy elf intekenare het plek gemaak vir n netjiese biblioteek wat gebou is volgens voorskrifte en spesifikasies van die Provinciale Administrasie.

Nee, nog nie heeltemal klaar nie. Die rakke en meubels moet nog ingesit word. Maar die grootste prestasie is dat dit gebou is sonder n lening of dat daar skuld aan verbonden is.

En nou sien ons uit na die dag wanneer hierdie sieraad van ons dorp offisieel geopen kan word, volledig toegerus met alles wat nodig is om die biblioteek aan sy doel te laat beantwoord.

Intussen lees kinders en volwassenes van dorp en distrik ywerig, en het die ledetal reeds aangegroei tot 449 en huisves die nuwe biblioteek reeds tussen 4,000 tot 5,000 boeke, wat aansienlik opgeskuif sal word as al die beskikbare ruimte eers volledig met rakke toegerus is.

OPE BRIEF VAN N BOEK-„SNOB“:

Piet,

So nou en dan, of soos die mense daar in my kontrei sê: so dan en wan, kom n mens hulle teë: n beroemde werk wat darem op die oog af lyk asof dit n bietjie lank konsentrasie in baie tyd gaan vereis om deur te lees en alles goed te verstaan.

Ons het al almal van „Gebroeders Karamasov“ van Dostojevski en van „Oorlog en Vrede“ van Tolstoi gehoor en ons weet dat dit boeke van wêreldformaat is - om nie eers te praat van die werke van Van Loon en ander geskiedskrywers en filosowe nie -, maar die mense wat die moed het om dit aan te pak en te lees? - dié word by die dag minder. Miskien ook daarom dat n mens nogal waarheid vind in die bewering dat dit nie groot werke is wat lewe nie, maar groot skrywers. Om die waarheid te sê: Shakespeare lewe vir my soveel soos enige Afrikaanse skrywer, ek weet van hom, ken hier en daar van sy werk, maar - eerlik - ek het nog nie die moed gehad om alles wat hy geskryf het deur te lees nie. Ons raak mos maar, of ons dit wil weet of nie, n bietjie aan die haastige kant. Om diesulke werke te bemeester, het jy mos darem tyd en geduld nodig, het ek altyd gedink, hulle maar aangekoop (n mens se boeke verleen darem status aan jou woonplek!) en daar het hulle bly staan - Anna Karenina in haar netjies rooi leerband langs Hamlet, waarvan ek maar n goedkoop uitgawe kon bekostig. „Gebroeders Karamasov“ netjies langs Van Loon se „Story of Mankind“. Die spul hou hulself geselskap - ek sou miskien op n Sondagmiddag een van hulle vir vier bladsye te woord staan, maar dan raak ek vaak! Inmiddels sê die mense wat daar by my kom: „Maar jy het n lieflike boekery, jong!“ Daardie slag praat ek maar oor die netjiese omslae! Is ek snobisties? Ek sal dit heeltemal aanneem!

Maar die feit bly die boeke het altyd vir my n bietjie aan die „swaar“ kant voorgekom. Daaron dat ek dit nooit kon deurworstel nie. Tussen hakies: het jy toe al die eksemplaar van Dr. Zhivago wat jy aangekoop het, deurgelees? Myne se stofomslag is om n lekker skop-skiet-en-verspring boek! Ek het mos nie nodig om dit te lees vir resensie nie en as daar gepraat moet word: daar het al mense daaroor geskryf en hulle insig is nogal insiggewend! Waarom die stories van die stofomslag? Sien daar kom taamlike belese mense by my en, soos ek gesê het, die status ... Moenie my weer uitskel vir snobisme nie. Dit is n seer plekkie daardie!!!

Maar gistermiddag het ek - dit was Sondagmiddag en ek wou iets goed lees - weer vir Dostojevski daar by sy buiteblaarie uit die rak uitgepluk, my kussing n rolletjie agter my kop gedraai en begin lees. Hierdie keer met die wete: jy sal tog nie baie ver vorder nie. Die eerste

paar bladsye ken ek al van vorige kennismaking - dus oorgeslaan - en sommer hier kwartpad iewers begin. Net n bladsy - toe weer vier oorgeslaan en so het dit gegaan tot so halfpad deur die boek. Dit was toe dat ek myself vang dat ek al tien bladsye na mekaar gelees het en dat die ding my begin boei. En neersit was daar toe net nie. Gaan swem? Ek wou, maar ek het geselskap gekry. Die ou se naam was Ivan. Een van die karakters in "Gebroeders Karamasov" van Dostojevski! Tee drink? Ook nie. n Goeie boek hou my altyd uit my gewoontes uit.

Nee, besluit ek, toe ek die laaste bladsy klaar het, jy weet nog nie hoe alles aan die begin was nie. En party bladsye het jy ook nie mooi verstaan nie - jy was te haastig. Toe lees ek hom van die begin af weer en omdat ek die draad van die storie geken het, kon ek toe meer let op die mooi beelding, die komposisie en al daardie goed. En sowaar hoor, dis n boek wat die moeite werd is om te lees, weer te lees en na nog n rukkie weer te lees. n Mens moet net weet hoe om so-iets te begin!

My Pa sê altyd n skaapram lyk soos n olifant as jy hom nie weet reg aan te keer nie en hy maak ook so! Maar as jy reg te werk gaan, is hy die makste onder die son!

Met "moeilike" boeke, lyk dit my is dit ook skaapramspeletjies as jy net weet hoe.

Daar mag die beswaar geopper word dat hierdie metode van lees jou daar toe bring om met die "oppervlakkige kennismaking" tevreden te wees, maar dan is dit tog nog beter om met die werk oppervlakkig kennis te maak as om net die titel te ken. En ek dwing mos al om te dink dat n boek wat regtig die moeite werd is om te lees homself laat lees en nie daar mee tevreden sal wees as jy hom net bladskud - oogskud! - en dan weer terugplaas op die boekrak nie.

Ek gesels met n sielkundige oor dié onderwerp. Toe sê hy hulle kon ons dit al lankal gesê het, maar dan sal ons dadelik sê dit moedig mense aan om net halfpad te lees en halfpadkennis is gevaaerlik. Eerlik, ek dink nie dit hou baie gevaaer in nie! Per slot van rekening, ek begin nou insien waarom die mense són bohaai oor Dostojevski maak en dis nie nou tweedehandse kennis nie - ek het dit self gelees en dis die moeite werd.

Almal sal nooit alles verstaan wat in n "goeie" boek staan nie - jy sal misskien iets daarin sien wat ek nooit gesien het nie - elke kritikus sien mos iets anders raak!

Om dus met n woordeboek sommer aan die begin n boek te bespring - aikana! Lees dit eers en verstaan wat jy kan - latere kennis vra self om te kom en dan is dit dat die woordeboek sy plek kry.

Nog vanaand is dit ek en Dr. Zhivago - in sy regte omslag!

Boekflooí.

VASVRA:

Skryf net die antwoorde op die volgende vrae op n kaartjie en pos dit so gou as moontlik aan Die Kaaplandse Bibliotekaris, Keeromstraat 48, Kaapstad. Die wenner sal in volgende maand se uitgawe aangekondig word.

1. Wie het die Nobelprys vir Letterkunde sopas ontvang en wat is die boek se naam?
2. Wie het „Lied van die Singende waters" geskryf?
3. Wie het „So praat die ou rivier" geskryf?
4. Uit watter gedig kom die volgende reëls:
„Die dag is om
en almal word weer huis gebring.
Met Martjie saam
Stap Roelf by uitkyk van die wa..."
5. Wie is die digter?
6. Wie het „O, heilige Onrus" geskryf?
7. Wie het die Fritz-Deelman reeks geskryf?
8. Noem n versdrama van D.J. Opperman.
9. Wie het „Moeder, ik klaag u aan" beskryf?
10. Het n Suid-Afrikaner al ooit die Nobelprys vir Letterkunde ontvang?
11. Wie is die digter van Krokos?

Almal is welkom om deel te neem aan hierdie wedstryd. n Poskaartjie met die antwoorde is voldoende.

BOOK REVIEWS/BOEKBESPREKINGS

MET „KROKOS“ LÊ MENS MET MOND AAN N VOL FONTEIN:

*) Boerneef : Krokos, Nasionale Boekhandel Bpk., Kaapstad 1958.

Toe ek nou die aand so in Boerneef se nuwe boek Krokos*) sit en lees, het my hart met n tuit na die verre kinderde in die Rôveld verlang; ja, Rôveld toe, want al is dit iets anders as die „hardeveld van seressekaro“ (Ceres se Karoo!), is dié twee darem ná familie. n Mens kan maar sê ons Rôvelders sit en kyk bo van die Rôveldsrand af op seressekaro!

Hier was immers weer die wêreld van my vroeugste jeug, van herinneringe wat hier en daar al so draaddun geslyt is as n mens se klere in die snerpende windjie van die Verlate Kloof op n laat wintermiddag vir jou voel - n wêreld van plaasdinge en plaasmense, van moftroppe wat agter die kapatervoorbok begin koers kry deur die rivier, van koper-kapelle, kraakstewels, koggelstokke en koljanner, op vreemde en fassinerende wyse opgeroep deur die inkantende klank van rympies soos dié wat net die ou ska'wagters in daardie kontrei saans voor die vuur of as dankie-sê vir n beker rooidop kon opsê.

Rympies of poësie? Wat is dit eintlik? Ek het vroeër vanjaar in n los artikeltjie op hierdie bladsy geskryf oor ou Flenterkatiera Maans en sy versies, en toe gesê dat hy en Coleridge nie net twee digters uit één skool is nie, maar dat hy selfs vir Lucebert vyftig jaar vooruit was.

Min het ek gedink dat Boerneef óók tot dié skool behoort! Maar of dié rympies - poësie? - die „ongekerkte kinders“, soos N.P. van Wyk Louw spotwend sê van die digter en sy soet vriendin Ydelheid is, wil ek ten seerste betwyfel. Hulle is ten minste net so eg, net so „gekerk“ as al die ander interessante kinders uit dié groot gesin!

VOLSKAPE

Weereens: rympies of poësie? Ek glo nie dat dit eintlik saak maak watter antwoord n mens finaal op dié vraag wil gee nie, want al is dié verse op n vir die buitestander soms vreemde en selfs verbysterende wyse „anders“ as dié wat hy gewoonlik vir poësie aansien, is hulle sekerlik nie gebreklik of onvolskape nie:

Bo-op die rooi krans
die gevhaarlike rooi krans
sit kapel en kolel
en lang Klaas Nel
met sy el
O dee dee dee
Pieter Viljee
die ekshoeteer van Swartwater.

Of hoe lyk dit, kom daar iets kort? „Betekenis”, „sin”, „logiese verband”? Ja, natuurlik, maar is dié element noodsaaklik? Hoort dit tot die volledige uitrusting van tien vingers en tien tone wat elke welgeskape vers nodig het om die wêreld in te gaan?

Luister na die volgende:

*Lappiedy lappida
so voor op die wa
so vroeg in die aand
van die lentemaand
in die pamphierbos?
aggeneeaggeja
appelliepiejoublaar
ons twee vir mekaar
so vroeg in die aand
van Septembermaand*

En nou gaan ek sommer n groot ding sê: as dit nie poësie is nie, dan weet ek bepaald nie wát dit wél is nie!

AF EN TOE MIS!

Ek wil verder ook dit sê: die paar keer dat die „logiese verstand” as’t ware pure per ongeluk of per abuis of per wat ook al in die vrolike geselskap van hierdie verse verseild raak, sulke kere is dit vir my gevoel bepaald dadelik „mis”!

Maar dis maar n paar vlekkies opsetlikheid in n heerlike stuk boere-sponsantfeteit, wat só aansteeklik is dat toe ek n proefneming met my sewearige seuntjie maak en hom n paar - net n paar - van dié versies lees, sy ogies dadelik begin vonkel het en hy opsluit meer wou hoor: „Méér, pappa, méér!” Daar was byna rusie!

n Mens dink by Krokos vanselfsprekend dadelik aan Klipwerk uit Nuwe Verse van N.P. van Wyk Louw.

En nou wil ek sommer n bietjie skinder. Toe ek nou die aand en gistermôre weer dié Krokos lees, dink ek mos aan wat die digter van Klipwerk my n keer geskryf het oor Boerneef se reaksie op Nuwe Verse. Hy hou daarvan, ja, sommer baie, „maar Klipwerk, nee, nee” (dubbel onderstreep!). Hierop wil ek byna sê: „En kyk waar sit hy nou!”

Dié twee is ook ná familie, maar Krokos is gemoedeliker, hier en daar sangeriger en dit mis die verskriklike demonie wat n paar keer in Klipwerk kop uitsteek soos in „oppas vir die kat se oog” of „die krap se oë sit op steeltjies oor hy in die hel kan kyk”.

Tog dink n mens aan Krokos se verse „By Pramberg blêr n moflam”, met die nare keelafsygeskiedenis van die moflammertjies, wat elke boer se hart in die droogtetyd breek; of die verskriklike, trietserige verlatenheid van die volgende trae, slepende verse:

*Die suidoostewind waai droewag
en die vaalduiwels draai en draai woelag
by die vloere oppievvlak van seressekaro
wie huil so waar grens dit so
stil stil stil maak stil bly stil
draai die vreksel se uil nekom met sy hoehoehoe
ammal se voorland is vanjaar moerland toe.*

As dit nog twintig jaar gelede was, sou daar vanjaar groot aanvraag na asperine vir die kritici gewees het, maar wat wou: met Krokos, durf ek 'sê, lê ons met ons mond aan die vol fontein van die Afrikaanse volkspoësie!

W. E. G. Louw.
(Die Burger)

◊ ◊ ◊

EITEMAL : Skaduwees teen die muur.
Van Schaik, 1958.

Iemand het eenmaal opgemerk dat ons in die ernstige Afrikaanse Letterkunde nog nie geleer het om te lag nie. Want die lag is deel van die erns en om lekker te kan lag is n ernstige saak!

Eerstens om hierdie rede dan verwelkom ons Eitemal se bundel kort verhale. In der waarheid, waaroer speel die lag nie baas nie?

Selfs die dood verloor iets van sy krag as daar n vergewende lag bykom - n versoening, n "groothartigheid". Dit was laas by Uys Krige met sy humoristiese verhaal oor Oupa wat ewe gemaklik in sy doodkis op die solder sy middagdutjie gaan geniet, dat daar by die somberheid van die dood iets gekom het wat vergelyk kan word met "Oom Prop se laaste lag", in genoemde bundel van Eitemal.

Die bundel bevat n tiental karikatuurverhale - indien daar soiets sou kon bestaan. Ek bedoel daarmee dat die beskrywing van die karakter n oordrywende element bykry, wat dit n bietjie uithaal uit die gewone karaktertekening en deur aksentuering van sekere eienskappe en kenmerke, van almal deur die bank byna karikature maak. Ek glo dat dit dan ook geen toevalleheid is nie, maar dat die skrywer dit so gewou het. Die gebeurtenisse waarin hierdie "hoekige karakters" optree word dan ook nog al hoe meer verkomies deur die karikatuuragtige.

Noudat ons daarvan praat: teen die karaktertekening in die algemeen kan niks of weinig gesê word, maar wat my opgeval het is dat daar weinig variasie bestaan in hulle uitdrukingsvermoë (die manier waarop hulle praat) en die beskrywende gedeeltes van die skrywer. Dialoog as psigologies uitvloeisel van die karakters het ons baie min. n Mens voel deurgaans dat die skrywer hulle met sy eie uitdrukings (en kan dit koste-

lik wees!) laat praat. Maar die doen weinig afbreuk aan die geheel van die verhale. Om die waarheid te sê, dwing ek mos al om te dink Eitemal se eie sê-goed is beter as wanneer hulle dieselfde ding sou gesê het!

In die woorde van Boerneef: die man (Eitemal) dwing mos al om my wêreld se taal te praat! En daarom dat hy miskien diep snare roer. Want waar kry jy die kostelike vergelykings anders as in die gewone taal van die gewone mens - en in die verhale van Eitemal. Ons ken dit mos al uit Jaffie se dæ uit! Kyk nou net so: dit is nog so teen die voordag, maar luister hoe gesels hy oor hierdie tyd:

„Dit is die onseker môreuur, nog voor die skeiding van lig en duister. Soos grysval eendedons hang die skemering oor alles, donkerder in die laagte waarheen dit afgesak het, deurskynender oor die bulte waar die dag begin breek". En dit is sommer nou net hier in die haas uit die boek gehaal waar die langs my ooplê. Daar moet nog mooier ook wees ...

Die verhale handel oor n groot verskeidenheid - van die twee ou vriende in „Die twee dorstiges" se almelewe rou dors, waaraan water nikks kan doen nie, tot Oom Prop se uitvaart in die verhaal „Oom Prop se laaste lag". En waarom oom Prop se naam oom Prop is - daardie is n stukkie woordkarikaturisering wat niemand kan en moet misloop nie.

Vir die lag - die ingetoë lag saam met die ernstige - daarvoor is ons Eitemal in hierdie bundel dank verskuldig. Want in der waarheid word dit nooit n uitbundige lag nie - ek kan maar nie wegkom daarvan nie om aan hierdie verhale se atmosfeer te dink as die gerypte atmosfeer van n herfsdag op bruin Bolandse wingerdblare. n Gerypte humor, n stil, warm menslikheid en verweg in die stemming se ondertone, die weemoed in elke verhaal, temidde van die komiese.

- A.H.d.V.

◊ ◊ ◊

MEINTJIES, Johannes *Die Soekendes.*

Die verskyning van n drama in Afrikaans is tot hede nog n gebeurtenis waarna uitgesien kan word, omdat ons nog so min daarvan het. En die werklik goeie dramas is so skaars soos die spreekwoordelike hoendertande.

Hierdie drama van Meintjies, wat die beeld probeer gee van die soekende bestaan van die kunstenaar, val egter beide in grootheid van konsep - dit het ons daarin nie -, in dramatiese behandeling, wat onont-

beerlik is vir die drama, en in beelding ver uit by selfs die gemiddelde drama in Afrikaans.

Immers is dramatiese handeling wat voortvloeи uit die konflikte tussen die karakters een van die vernaamste vereistes vir die drama. Ons kans selfs so ver toegee as om te sê dat die dramatiese handeling miskien nog tekort kan skiet as daar genoegsame karakterbeelding is - dit moet immers die innerlike spanning van die drama al dadelik verhoog, al is dit nie in die uiterlike handeling so goed kenbaar nie. Hierdie drama

bevat egter dit ook nie.

As leesdrama is dit interessant, aangesien daar n atmosfeer oor die hele stuk hang wat nie soekend is nie, maar amper stagnant, doelloos, maar ek twyfel of dit op die verhoog enige stoele in die saal sal vul.

- A.H.d.V.

WEISS, Hymne

Die Geel Kruik.

U.U.B., 1958.

Hierdie nuwe bundel verhale van Hymne Weiss, een van ons bekende skryfsters val moeilik te klassifiseer, aangesien baie van die verhale byna sketsmatig aandoen, terwyl veral in die tweede gedeelte "Mens" daar volbloed kortverhale is, wat tref deur hul eenvoud van beelding en deur die amptelike oorsensitiewe hantering van die taal.

Na my mening ontbreek dit in die eerste gedeelte aan die nodige sterk beelding en is die idee dikwels alte bewustelik op die voorgrond. As die beste uit hierdie gedeelte wou ek ongetwyfeld die titelverhaal uitsonder. Die Geel Kruik - die simbool

van die volmaakte skepping van n skepsel.

In die bundel as geheel is "Semi-privaat" vir my die beste verhaal en ook die sterkste kortverhaal. Die beelding is suwer en die taal van n volgehoud soberheid. Hierdie soberheid wat hier geweldadig aandoen, is egter ook die spreekwoordelike jakkals in die wingerd by sommige van die ander verhale, waar die tema minder sterk aandoen en die beelding derhalwe iets apart en n versiering word.

Hymne Weiss is op haar beste wanneer sy met haar fyn en sensitiewe styl die eenvoudiges in die koninkryk, wat nog onbewus van "die visioen van n volk se redding en die lig van geroopenheid is", kan verbeeld. Jasper Liemberg uit die verhaal met dieselfde titel is daar om lank onthou te word en n mens vind dit jammer dat die hele bundel nie uit een groot titel "Mens" kon bestaan nie.

Die inhoud van die boek is n beter band waardig as waarin dit verskyn het.

- A.H.d.V.

◊ ◊ ◊

ENGLISH FICTION

BETI, Mongo

Mission to Kala.

Muller, 1958.

An amusingly-written novel set in French Central Africa. The hero is a scholar who returns to his native village after failing an exam. He

is chosen to visit an outlying tribe to retrieve the run-away wife of a member of his clan. Of especial interest because it give, through the eyes of the scholar, the attitudes of both 'educated' and tribal Africans to what is happening to them

today. The translation from the French reads well.

- G.S.

DAVEY, Jocelyn *Naked villainy.*
Chatto and Windus, 1958.

An intellectual's who-dun-it whose main characters are Oxford dons, scholarly collectors of Bach manuscripts and cultured business men. This amusing and skilful novel is in the highest rank of this type of thriller. The clues demand both intelligence and intuition.

- J.A.

SIMENON *Maigret's first case.*
Hamilton, 1958.

This detective story is in the style of Simenon's first popular publications. It shows a young Maigret who is fairly new to the Paris Police and who has to learn through his mistakes. The suspense is built up and maintained not so much by dramatic incidents as by the clever implication that exciting events are due to happen any minute, and by the graphic presentation of word pictures and interesting characterisation. The translation gains character by a certain rather 'blunt' charm. To my mind Simenon will always find many readers in any library.

- A.W.

SOLINAS, Franco *Squarcio the fisherman.*
Hutchinson, 1958.

Those who like good Italian films will enjoy the characters in this small novel, which is written with

great economy and charm. Squarcio uses dynamite for his fishing and this creates a feud with the village police who try to put a stop to it. The book is also being published in America, France, Germany, Sweden and the Argentine.

- J.A.

WATT, Howard *King's pardon.*
Redman, 1958.

